20 April 2021

NUUSBRIEF 3/2021

Geagte Ouers

Aan die einde van ‘n baie uitdagende kwartaal, wil ek en die personeel alle ouers van harte bedank vir u getroue ondersteuning en samewerking.

1. RAPPORTE

Neem asseblief kennis dat rapporte eers volgende kwartaal beskikbaar gestel kan word. Alle skole – Openbare sowel as Privaatskole – word verplig om SA-SAMS (South African School Administration and Management System) te gebruik vir indiening van punte by die Departement van Basiese Onderwys.

Hierdie administrasiestelsel ondervind tans probleme en is daar deur die Direkteur-Generaal opdrag gegee dat geen skool rapporte mag uitgee voordat die stelsel vroeg in volgende kwartaal weer aktief is nie (sien aangehegte skrywe).

Alle assessering vanaf Graad R – 7 is wel deur Laerskool Thabazimbi afgehandel en ons wag in spanning vir die vrystelling van die nuutste SA-SAMS weergawe 21.1.0 deur die Departement van Basiese Onderwys.

2. SKOOLSLUITING

Die skool sluit aan die einde van hierdie week soos volg:

- Donderdag, 22 April 2021 – normale tyd vir verskillende fases:
  - Graad R 12:15
  - Graad 1 – 3 12:45
  - Graad 6 & 7 13:15
- Vrydag, 23 April 2021 om 11:30 vir alle leerders Graad R – 5.
- Leerlinge mag Donderdag en Vrydag met gewone klere skool toe kom.

3. HEROPENING VAN SKOOL

Ons heropen volgende kwartaal op Maandag, 3 Mei 2021 met Groep A vir die Grondslagfase en Week 1 vir die Intersenfase.

4. WINTERSDRAG

Ons skakel oor na Wintersdrag vanaf Maandag, 3 Mei 2021.

Ek hoop en vertrou dat die personeel en leerlinge heerlik sal uitrus, want ‘n baie besige tweede kwartaal lê voor.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF